# **Switch On** *to God*




Die volgende 2 maande gaan ons saamgesels oor die gedagte om aan te skakel vir mense, vir die Here en vir die kerk. Jesus is God se groot aanskakel na ons toe en ons gaan sy koms vier met die Kerssangdiens.
Vandag se bybelstudie gaan oor die gedagte dat ons moet aanskakel vir die Here. Met die lockdown was ons gedwing om ook na binne te keer wat ons verhouidng met die Here betref, ons het "in-gesettle" wat ons verhouding met die Here ook betref het. Hoe kan en moet dit ook nou skuif na die lockdown.

**NBNBNB**

***Die beste prentjie wat ons het van God, is Jesus – hoe Jesus geleef het, mense hanteer het, opgetree het ... sy vars manier waarop Hy God se prioriteite uitgeleef het, sy compassion vir alle mense... En daarmee dwing Jesus ons om 'n ander kant van God raak te sien - dat God meer is as wat ons soms dink en verwag...***

Maak eers tyd om saam te bid en sê vir die Here dankie vir elkeen wat deel is van die groep.

**Gesels saam oor die volgende gedagtes:**

- Hoe het jy jou verhouding met die Here aan die gang gehou tydens die lockdown? Wat het jy gedoen? Hoe het jy bv Bybel gelees en gebid en met ander oor die Here gepraat?
- Hoe het jou verhouding met die Here verander na lockdown?
- Wat dink jy het jy nou nodig om te groei in jou verhouding met die Here?

***(kyk ook na die laaste verhaal in hfst 18... oor die blinde man buite Jericho oor wie Jesus Hom ontferm...)***

- **Wat leer jy in hierdie gedeelte oor Saggeus?**
    - *Hoe het godsdienstige Jode tollenaars (moenie eers praat van hoof-tollenaars) hanteer? Kyk na v 7, Matteus 9:10-11*
    - *Die mense het nie van Saggeus gehou nie, wil nie vir hom plek maak tussen die skare om Jesus te sien nie, wat hom eintlik dwing om in 'n boom te klim.*
    - *En tog is daar by Saggeus 'n drang/nuuskierigheid/behoefte om die Here te sien. Hoe keer sy effort sy lewe om? Hoeveel effort doen ons om by die Here uit te kom?*

- **Hoe hanteer Jesus vir Saggeus?** *Lees v 5*
    - Jesus sien vir Saggeus raak en staan stil by hom
    - Jesus weet presies wie hy is en noem hom op sy naam
    - Jesus nooi Homself na sy huis, eet by hom en spaandeeer tyd met hom

- **As ons in hierdie tyd na die lockdown weer ons verhouding met die Here wil nuut aanskakel, hoe kan hierdie 3 gedagtes ons help:**
    - **Wat sal in jou lewe gebeur as die Here vandag vir jou raaksien en by jou stilstaan?**
    - **Wat sal dit vir jou beteken as die Here jou op jou naam noem en sê dat Hy van alles in jou lewe weet?**
    - **Watter impak sal dit op jou hê as die Here kom en tyd saam met jou deurbring?**

- **Saggeus se optrede vertel van iemand wie se lewe geraak is deur Jesus –** *Jesus noem dit in v 9 "redding"(!!)*

    **Die harde vraag vir ons is: Hoe weerspieel ons hantering van mense, of ons keuse om reg op te tree, ons redding?**

- **Wie is die eintlike blindes in hierdie verhaal? Hoe is ons soms blind vir wie Jesus is en wat Hy doen?**

**Dit is moontlik dat jy jou verhouding met die Here nuut wil aanskakel. Hoe kan dit wat Jesus hier met Saggeus doen, vir jou hiermee help?**

**Raak eers stil. Dalk wil die Here nou met julle connect deur hierdie gebedstyd.**

**Sê vir die Here dankie dat Hy jou raaksien, jou naam ken en tyd met jou wil deurbring.**